BURGER (Oos Kaap), Jip
20 Feb 2012, p.3

Wat sê 'n kenner?

Tienerselfmoord word by die dag meer algemeen in Suid-Afrika, sê Cassey Chambers, operasionele direkteur van die Suid-Afrikaanse depressie-en-angsgroep (Sadag).

"Daar is baie tieners wat oorweldig voel," sê sy.

Deel van die probleem is dat niemand 'n woord oor die onderwerp wil rep nie. "Ons leer ons kinders *big boys don't cry*."

In vergelyking met Amerika en Brittanje is Suid-Afrika se voorkoms van tienerselfmoord veel hoër, sê sy.

Maar waarom? Volgens Chambers is daar, behalwe depressie en soortgelyke siektes, baie bydraende faktore wat tot selfmoord kan lei, waaronder boelies, skooldruk, die hoë syfer van egskeidings en huishoudelike geweld in Suid-Afrika, asook drank- en dwelmmisbruik.

"Suid-Afrikaanse tieners word blootgestel aan ekstra druk en word nie geleer hoe om dit te hanteer nie."

Vir tieners is selfmoord meestal 'n besluit wat op die ingewing van die oomblik gemaak word. Daar is nie genoeg hulpbronne om tieners te help nie, maan Chambers.

"Mense moet opgevoed word oor die tekens waarvoor hulle moet uitkyk en hoe hulle tieners kan help wat selfmoord wil pleeg."

– Rozanne Els